**WellingtonINFO - 2014.02.20**

1. **Baie belangrike waarskuwing aan Fietsryers**:

"Ons wil die fietsryers wat vroeg oggend die Wellington Paarl roete via Newton en Vlakkeland volg waarsku dat jy jou lewe nie meer seker is op dié pad. Die gevaar sone is tussen die Newton robot en die Paarl verkeersafdeling robot. In die afgelope twee jaar is daar twee keer gepoog om ons aan te rand of te beroof. Die eerste insident was ongeveer twee jaar gelede toe drie swart mans ons van ons fietse probeer skop het. Ons het gelukkig ongedeerd daarvan afgekom. Dit het gebeur regoor die huis op die oop stuk veld links van die pad. Gisteroggend 19 Feb.

het 'n swart man gewapen met 'n hond en band wat gebruik word vir die vasmaak van vragte op vragmotors ons getakel by die Vlakkeland kruising.

Hy het gepoog om ons van die fietse te slaan met die band. Hy het my gemis maar my friend skrams getref. Ek het so gevloek en gevoetsek dat die hond die hasepad gekies het. Sy makker, so vermoed ons het van oorkant die pad nader gehardloop maar sy tydsberekening was gelukkig uit en hy het ons gemis. Ons het wonderbaarlik op ons fietse gebly en kon in die rigting Paarl ontsnap. Ek het die insident by Mbekweni en Wellington polisie aangemeld. Omdat ons weet daar is nog fietsryers wat die roete soggens gebruik en baie van hulle wat dit alleen aandurf wil ek ons ondervinding met hulle deel dat hulle kan bewus wees van die gevaar van die roete. Daar is juis een persoon waarvan ons weet wat by Vlakkeland omdraai en dan terug ry in die rigting Wellington. Ons het altyd via Noorder Paarl terug gekeer na Wellington. Ons het die roete nou na bykans 18 jaar vaarwel geroep omdat dit te gevaarlik geword het. Ons sal dalk nie 'n derde keer weer so gelukkig wees nie. Dippies & Kellie"

…….

2. **Inligting gesoek, Engels in Suid Korea**

"Ek wil graag van die geleentheid gebruik maak – is daar enige iemand wat kontak het met `n persoon wat Engels aanbied of aangebied het in Suid Korea? Kan u vir my die persoon se besonderhede stuur? Sal baie waardeer. Groete. Sandra": (Stuur eposse asb. na Sandra.Theron@westerncape.gov.za)

…….

3. **Wellington Rapportryers bied 'n Veldskietdag aan op 1 Maart 2014.**

"Hiermee 'n persoonlike uitnodiging aan alle Skuts vir u inskrywing by die Wellington Rapportryerskorps se Veldskiet te Dassenheuwel Plaas, Malmesbury. Kom maak van die geleentheid gebruik om jou lus vir jag vir die komende seisoen bietjie op te skerp. Hierdie is 'n papier teiken en "gong" baan kompetisie!! Daar is pryse ten bate van R10 000 op die spel!! Ons sien daarna uit om jou inskrywing te ontvang. Groete Die Voorsitter Rapportryers"

Meer inligting en die nodige inskrywingsvorms kan op die webtuiste gevind word by:
http://www.wellingtoninfo.co.za/index.php/organisasies/rapportryers-wellington/

…….

4. **Huisbraak waarskuwing.** Marita se waarskuwing geld ook vir inwoners in ander dele van Wellington

"Hallo almal, Vir die wat nog nie weet nie, daar is vanoggend net na 2 uur by twee motors (wat buite gestaan het) van Disa straat 4 ingebreek. Die bure en polisie was baie paraat en het die persoon met die gesteelde buit agterna gesit. Hy het in die tuin by die dam van Phillip gaan skuil. Soos ek verneem moes die honde-eenheid van die polisie van Stellenbosch af kom en ongelukkig het hy in die proses ontsnap. Die gesteelde goedere is aan die eienaars terugbesorg. Marinda het die middag twee verdagte persone gesien en hulle het ysterpale van die reservoir gesteel. Tans is hulle besig om nuwe heinings by die dam op te sit asook met werk by die watertoring. Met al die beweging hier om ons, moet ons asb baie versigtig wees en ons oë en ore oophou en alle verdagte persone by sektor 3 rapporteer. Groete Marita"

…….

5. **Pikkies hou gholfdag op Wellington**

“Lus vir ‘n potjie gholf in die Boland? Skryf dan in vir die gewilde gholfdag van die Pikkieland Kleuterskool en Nasorgsentrum op Wellington. Dit vind plaas op Vrydag 11 April by die Wellington Gholfklub. Spanne van vier spelers elk kan inskryf vir die vierbal-kompetisie. Die inskrywingsfooi van R300 sluit aandete in, en natuurlik die kans om hope lekker pryse te wen. Vir meer inligting, kontak Elra Smit by Pikkieland by 021 864 3985 of pikkie-land@telkomsa.net”

……

6. **Verlore kat het weer sy huis gevind**

“Goeie Môre, Ons verlore gemmer kat Ogies het teruggekom huis toe. Hy is deur ‘n motor raakgery, maar hy lewe dis die belangrikste. Dankie aan almal wat help soek en bid het. Helen Nieuwoudt”

……..

7. **Saamry geleentheid:**

“Goeie dag, My kollega het vir my jul laaste nuusbrief aangestuur waarin hul iemand soek vir n saam ry geleentheid vanaf Sommerset Wes tot en met Wellington en terug elke dag. Ek ry reeds elke dag die pad alleen dus sal ek dit waardeer as julle vir my die besonderhede kan stuur sodat ek kan kontak maak met hierdie persoon. Groete Thomas van Greunen 021 873 2618”

……..

8. **Dink u ook die tyd (30 min) vir parking in Kerkstraat, Wellington is te kort?**

“NUWE BLOU PARKEER KENNISGEWINGBORDE IN KERKSTRAAT: Is die publiek (motoriste) van Wellington ingelig i.v.m. die nuwe parkeerregulasies in Kerkstraat? Nuwe blou kennisgewingborde is die hele Kerkstraat, links en regs, opgerig wat aandui dat `n motor slegs vir 30 minute op `n bepaalde parkeerplek mag parkeer.

Wellington was so lank sonder enige wetstoepassing, parkeermeters, ens. dat almal maar net gemaak het soos hulle wil. Ek glo ook aan wetstoepassing en is baie dankbaar as daar iets daadwerkliks gedoen word. Maar is dit die regte en die beste pad om te volg? Indien wel, moet ons nie bewus gemaak word van nuwe regulasies, moontlike oortredings en dienooreenkomstige boetes nie? Ek vra? Ek lees nie die Paarl Post nie, en dalk was daar so `n berig om die publiek in te lig.

Ek het bewus geword van die situasie toe `n dame uit `n haarsalon in Kerkstraat gekom het en daar `n R150-00 boete op haar motorruit was. Ons het my motor dop gehou, tyd gehou van my afspraak (net `n was en sny) en ek was 40 minute in die haarsalon. Wat van dames wat kleur, blow-dry, en nog ander prosedures laat doen?

Waarheen skuif jy jou motor na 30 minute? Dit geld ook vir ander besighede soos die banke, ens. Dalk kan ons met hierdie skrywe meer inwoners bereik om bedag te wees op die 30 minute staantyd in Kerkstraat. My voorstel sal wees om dit dan ten minste na 60 minute te verleng, wat `n meer realistiese tydperk is. Vriendelike groete Ingrid Bamm”

……

9. **Vergadering/ Meeting: Drakenstein Munisipaliteit, Wellington Sakekamer, Raadslede, Polisie en ander belangegroepe:**

Vrydag 2014.03.07 om 09:00 vind die volgende vergadering plaas by kantore van Wellington Munisipale kantore. Sake wat op die oomblik om die agenda is vir bespreking is ondermeer die abnormaal groot hoeveelhede bosslapers en leeglêers in die Middedorp en Parke van Wellington. Indien u ‘n insit / kommentaar wil lewer tov hierdie en ander aktuele sake in Wellington dan hoor ons graag van u.

On Friday, 03/07/2014 at 09:00 the next meeting will takes place at the Municipal Offices in Wellington. Matters that are currently on the agenda for discussion includes the abnormally large quantities of homeless people and loafers in the CBD and Parks. If you have any comment regarding these and other current issues in Wellington we would like to hear from you.

……